

BEMAGTIG DIE PLAASLIKE KERK OM DIE MENSE VAN SUID-OOS ASIë MET DIE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS TE BEREIK.**Bank Besonderhede:**

Rek naam: SEA/SOA HUB
 Bank: Standard Bank
 Tak : Britstown
 Takkode: 050004
 Rek. Nr.: 243435649

Registrasie Nommer
077-088-NPO

Des Presstraat 34
 De Zoete Inval
 Posbus 2565
 Paarl 7620
 0718682686 / 021-8632837
 nicokriek@gmail.com

 14 April 2021

Liewe Vennote

Die nuus vanuit Suid-Oos Asië is die afgelope tyd oorheers deur twee sake: Die Corona- Pandemie en die tragedie wat hom in Mianmar (Burma) afspeel.

Die nuus vanuit Mianmar word so vinnig opgevolg deur nog tragiese nuus dat dit wat ek nou skryf ook alweer verouderd is! Op die tiende April was daar al bykans 700 sterftes agv die militêre staatsgreep en die daaropvolgende opstande. Die bevolking het nou genoeg gehad van die jarelange geforseerde bewind van die militêre junta. Dit het weer gelei tot, onder andere, talle huise wat deur die weermag aan die brand gesteek is, selfs 'n lugaanval op mense in die noord-ooste van die land. Baie van die burgerlikes wat

geskiet is het gesterf agv kopskote. Selfs tientalle kinders is geskiet.

Baie mense het nie kos nie. Past Peter (FTS) het met kosvoorsiening en verspreiding begin. *Sien foto hiernaas.*



Die Covid-19 situasie in SOA is ook besig om drasties te verander. Kortliks die volgende:

Thailand: Bangkok (die hoofstad) kan as 'n sg "Rooi Zone" verklaar word agv 'n skerp toename in infeksies.

En dit 'n paar dae voor die "Waterfees".

Filippyne: Op die 9de April was daar 12,188 nuwe gevalle.

Viëtnam: Hierdie land was baie stil wat infeksies en sterftes betref. Tot en met die 7de April was die totale aantal bevestigde Covid-19 gevalle slegs 2659. Die regering het egter op 22 Maart 2021, as voorsorg maatreël, 'n tydelike verbod op alle buitelandse besoekers geplaas.

Kambodia: Die afgelope paar weke het die situasie drasties verander. Nuwe gevalle het skielik toegeneem. Tot Maart 2021 was daar geen sterfgevallen nie. Nou is daar al egter 29. Dit is 'n raaisel waarom die situasie nou eers, na 'n hele jaar, so versleg. Die vermoede is dat die nuwe variant uit Engeland die oorsaak is.

Van 14 -16 April is dit Kambodia se jaarlikse tradisionele Nuwejaar wat gepaard gaan met feesvieringe, families wat kuier, geskenke uitruil, ens. Maar vir die tweede jaar is almal verplig om tuis te bly. Sou infeksies hand-uit ruk, is die groot probleem dat daar baie beperkte mediese fasiliteite in Kambodja is wat die pandemie sou kon hanteer.

Om die prentjie in die oorblywende SOA-lande te voltooi, was daar op 10 April die volgende aantal nuwe gevalle:

Indonesië 4723, Laos 0, Brunei 0, Maleisië 1510, Mianmar 14 en Singapore 32.



Die Merapi-vulkaan, op die eiland Java, is die mees aktiewe vulkaan van Indonesië.

Die mees onlangse uitbarsting was op 27 Maart 2021. Mense moes ontruim word maar geen berigte van lewensverlies is ontvang nie.

Ek is jammer om te berig dat Shaun, die Suid-Afrikaanse onderwyser in Viëtnam wat in 'n ongeluk betrokke was, oorlede is. As gevolg van die pandemie kon sy ouers hom nie besoek nie en ook nie daar wees vir die begrafnis nie. Bid asseblief vir hulle en die familie.



Te midde van al die hartseer, kan die wonder van die natuur bietjie troos bring, soos die Tacoma bome wat vol bloeisels is.

Duncan Ross vertel van Past Abraham 'n (Khmer) in Phnom Penh (Kambodia) wat die Kairos-kursus in 2020 bygewoon het. World Outreach het 'n samwerkings-ooreenkoms met hom aangegaan. Hy het 'n (klein) beesboerdery en hy gebruik die winste om 1000 arm kinders kos te gee asook gratis skoolopleiding!! Daarby gee hy ook elke dag vir hulle Bybel-onderrig. Dit is bo en behalwe die twee eredienste elke week en die jeug-byeenkomste waarby hy betrokke is. Hierdie past se ywer, om die evangelie in woord en daad teenoor sy Khmer-volksgenote uit te leef, is inspirerend!



betyds betaal word!

Dankie!

Dankie vir almal wat ruim bygedra het vir die huur van Free To Serve se Kompleks in die noorde van Thailand. Die volle bedrag kon



SAKE VIR GEBED:

1. Die situasie in Mianmar.
2. Die pandemie wat alles ontwrig, mense siek maak en sommige se lewens neem.
3. Past Benny en Jade (van Sibiu) moet eersdaag na Miri reis om hul seun, Cornelius, by die Curtin Universiteit in te skryf vir die vierjarige-kursus wat hy gaan neem. Hulle het egter, vanweë die pandemie, 'n reispermit van die Polisie nodig.
4. Bid asb vir al die sendelinge – al ken u hulle nie almal persoonlik nie.
5. Bid as ook vir die inheemse kerk-leiers soos Past Abraham (Kambodia), Past Peter (Mianmar), Past David (FTS Thailand), Past Benny (Maleisië)
6. Die Moslems wat tans besig is met Ramadan

Dankie vir jou betrokkenheid in Suid-Oos Asië.

Nico Kriek

Voorsitter: SOA HUB

MAAK DISSIPELS VAN AL DIE NASIES.....